Foundations in Christian Faith

KENNETH COPELAND

Noudat ons in

Christus

Jesus

is

KENNETH COPELAND

K E N N E T H

C O P E L A N D

P U B L I C A T I O N S

2

© Buiten waar anders aangedui, kom aanhalings uit *1953 Afrikaanse vertaling* van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

.

Noudat ons in Christus Jesus is

30-0015A

© 2006 Kenneth Copeland Ministries, Incorporated

Kenneth Copeland Publications

Fort Worth, Texas, 76192-0001

Vir meer inligting oor Kenneth Copeland Ministries, skakel +27 (11) 699 7700 of besoek www.kcm.org

Gedruk in die Republiek van Suid Afrika. Alle regte gereserveer onder Internationale Kopie reg. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of versend word in enige vorm of deur enige medium, elektronies of meganies, insluitende foto kopiering, opnames, of enige ander informasie storing en herwinnings system, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer.

Noudat ons in Christus Jesus is

"... hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is... Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes

genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus." (Efésiërs 1:16-18; 2:10-13)

Toe jy Jesus die Here van jou lewe gemaak het, het iets groots met jou gebeur. Jy is nuut geskep in Christus Jesus. Jy het ook 'n erflating ontvang. Jy is nou in Christus Jesus, gebore uit God.

Fisies is jy uit jou ma gebore. Jy is nie geskep nie – jy is gebore. Maar geestelik gesproke, toe jy 'uit God

gebore is', het Hy jou herskep. 'n Verandering het plaasgevind. Jy is weergebore. Die Bybel sê in 2 Korintiërs 5:17 dat jy 'n nuwe skepping geword het: "*Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*" Volgens 'n ander vertaling is die mens wat in Christus is "'n nuwe spesie wat nog nooit voorheen bestaan het nie".

Toe jy Jesus as jou Here aangeneem het, het 'n skeppingsdaad plaasgevind. Die ou mens is vervang met 'n nuwe mens, herskep in Christus Jesus. Al die ou dinge was verby – alles het nuut geword. Die nuwe geboorte het in jou plaasgevind deur God se skeppingskrag. Dit het binne-in jou – in jou gees – gebeur.

Die 'skepping' wat tydens jou weergeboorte plaasgevind het, is dieselfde soort 'skepping' wat in die

eerste hoofstuk van Genesis gebeur het. Die woord *geskape* in Genesis 1:1 skep die indruk dat, voordat God die hemel en die aarde laat ontstaan het, daar nêrens anders so iets bestaan het nie. Dieselfde is waar van die 'nuwe skepping in Christus Jesus'. Jy is 'n nuwe spesie wat nog nie voorheen bestaan het nie!

Om in Christus te wees

Jy is 'n volkome individu. Daar was nog nooit en sal ook nooit iemand soos jy wees nie. Toe jy Jesus as Here aangeneem het, het God jou deur sy skeppingskrag laat ontstaan. Jy is uit die Gees van God gebore. 'n Saadjie is in jou hart gesaai – die onverganklike saad van God se Woord – en jy is *in Christus Jesus* geplaas.

Jy moet verstaan wat dit beteken om in Christus te wees. Dit is 'n openbaring uit God se Woord wat sal

beïnvloed hoe jy dink, glo, optree en praat.

Efésiërs 2:13 sê: "*Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus."* Wanneer? *Nou*. Wanneer is jy in Christus Jesus? Die oomblik wanneer jy Jesus jou Here maak.

Wie is in Christus Jesus? Efésiërs 1:10 sê: "*… om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig*." So dis nie net dié wat reeds dood is en hemel toe gegaan het wat in Christus is nie. Hierdie vers sê: *… alle dinge wat in die hemele sowel as op die aarde is…*". Vers 13 sê: "*… in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte…"*.

In my ervaring is die beste manier om die werklikheid van *in-Christus*-wees myne te maak, om by die boek Romeine te begin en verder deur al die briewe in die Nuwe Testament vir die frase "in Christus" te soek. Ons lees byvoorbeeld in 2 Korintiërs 5:17: "*Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel…"* Die Bybel verwys 134 maal na "in Christus", "in Hom" of "in Wie". Soek hierdie teksverse en lees hulle aandagtig. Bestudeer hulle en doen kruisverwysings. Weet dat, wat die Woord ook al omtrent 'in Christus' sê, aan jou behoort – omdat jy in Christus Jesus is.

Om in Christus te wees beteken dat jy 'gered' is. Waarom? Omdat jy met jou mond bely het dat Jesus die Here is en omdat jy in jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het (Romeine 10:9).

Om in Christus te wees, beteken dat jy ook ‘genees’ is. Waarom? Omdat Jesus aan die kruis was, die vloek van die Wet gedra het en daardeur die krag van siekte en kwale verbreek het. Hy is siek gemaak met ons siekte, maar Hy het nie siek gebly nie. Hy is genees – en daarom is ons ook genees!

Om in Christus te wees beteken dat jy ‘verlos’ is. Waarom? Omdat Kolossense 1:13 sê dat God ons bevry het van die mag van duisternis en ons oorgebring het na die koninkryk van God se geliefde Seun. Jesus het gesê dat Hy gestuur is om verlossing aan dié in gevangenskap te preek (Lukas 4:18).

Op Pinksterdag het al die krag wat nodig is om enige mens te red, om enige mens te genees, om enige mens te verlos, na die wêreld gekom. Die oomblik toe Jesus ‘n vertrek binnegestap het, was die krag daar

om genesing vir mense te bring. Waarom? Omdat die krag in Hom was. Hy het gesê: "… *die Vader wat in My bly, Hy doen die werke"* (Johannes 14:10). Daardie krag is in jou omdat jy in Hom is. Omdat jy in Christus Jesus is, kan jy soos Hy leef, soos Hy praat en soos Hy optree. Die Woord van God sal jou verander – gees, siel en liggaam.

Die Bybel sê God het Jesus gestuur sodat Hy die eersgeborene onder baie broers sou wees (Romeine 8:29). God het die saad in die vorm van sy Seun, Jesus, geplant, sodat Hy 'n oes kon ontvang, in die vorm van nuwe siele wat bygevoeg word tot die koninkryk van God. Die honderdvoudige beginsel is nou in werking.

Jy word nou 'n mede-erfgenaam saam met Christus Jesus. Die Woord sê dat toe jy Jesus Here van jou lewe gemaak het, het jy een gees met Hom geword. Jy is in Hom. God sien jou in

Jesus. Hy het nie net in jou ingekom nie, maar jy het ook in Hom ingekom.

Ons het al baie gepreek dat Jesus in ‘n persoon inkom, maar ons het baie min gesê oor ons wat in Hom is. Jy is die Liggaam van Christus. Jesus het gesê: *"As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry”* (Johannes 15:7). Jy bly in Hom.

Efésiërs 1:4 sê: “*… soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.”*

Jy is heilig en sonder enige blaam voor Hom, in liefde. Deur Jesus is God nou jou eie Hemelse Pa. Jy is nie meer sonder hoop en sonder God in die wêreld nie (Efésiërs 2:12). Jy is in liefde ontvang (Efésiërs 1:6). Die brief wat Paulus aan die Efésiërs geskryf het, is ook vir jou omdat jy in Christus Jesus is. Dit is ‘n brief aan jou waarin

God, sê: “Ek het jou aanvaar in my Seun. Jy is in die Geliefde. Jy is Myne.”

Het jy al ooit die uitdrukking gehoor: “Maar ek is nie goed genoeg nie”? Dit was waar voordat jy gered is. Jy was nie waardig om te ontvang wat Jesus gedoen het nie. Maar Hy het dit in elk geval vir jou gedoen! Omdat Hy vir jou gesterf het, kan jy in Hom leef. Hy maak jou waardig. Jy is in Christus Jesus geskep en daar is niks onwaardigs in Hom nie.

Jy is nie waardig omdat *jy* enigiets *gedoen* het nie, maar as gevolg van Jesus en wat Hy vir jou gedoen het. Daar is mense wat sê: “Ek weet ons is in Christus Jesus, maar ek kan net nie sê dat ek genees is nie.” Niemand van ons verdien dit uit onsself nie, en God het dit geweet. As jy sonde in jou lewe het, roei dit uit. As jy weens jou lewenswyse nie genesing van God kan ontvang nie, hou op om so te leef! Bely en raak ontslae daarvan! Die

Woord sê God is betroubaar en regverdig om ons van ons sonde te vergewe wanneer ons dit bely (1 Johannes 1:9). Wanneer jy jou sonde bely, sal Hy jou vergewe. Moenie teen God rebelleer nie. Moenie van God af *weghardloop* wanneer jy sondig nie – hardloop *na* Hom toe! As jy dan *moet* rebelleer, rebelleer teen die duiwel – nie teen God nie. Die Bybel sê: Wees nugter op die regte manier, en sondig nie… (1 Korintiërs 15:34).

As ‘n wedergebore gelowige het sonde geen houvas op jou nie. Dit kan jou nie beheer nie. Dit moet jou uitlos! Satan is ‘n verslane vyand; hy is nie jou god nie. Jakobus 4:7 sê dat, as jy hom teenstaan, hy van jou sal wegvlug.

Dit is belangrik dat jy jouself ‘in Christus’ sal sien en die werklikheid daarvan besef. As jy sommige mense sou vra: “Is jy ‘n seun van God?”, sou hulle antwoord: “Wie, ek? Definitief

nie!” As jy dan vra: “Is jy gered?”, sal hulle antwoord: “O ja, dank die Here, ek is ‘n sondaar wat uit genade gered is.” Nee, jy is nie! Jy *was* ‘n sondaar en toe is jy uit genade gered! Jy kan nie albei tegelykertyd wees nie. Jy is ‘n nuwe skepping in Christus Jesus. Jy is in die koninkryk van sy liefde. Sover dit God aangaan, is jy heilig – sonder blaam en skuld. So hou op om te dink, te praat en op te tree soos die wêreld. Laat staan al die godsdienstige ‘sonde-etikette’. Begin om te bely dat jy die geregtigheid van God in Christus is.

Jou erflating

Wat beteken dit om ‘n erflating te ontvang? Handelinge 20:32 sê: *"En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle ‘n erfdeel te gee onder al die geheiligdes.”* Dit is die Woord wat jou opbou en aan jou ‘n erfenis gee.

Efésiërs 1:11 sê: "*… **in Hom** in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil*." Dit sê nie dat jy nog jou erflating *sal* ontvang nie; dit sê jy het dit *reeds* ontvang – verlede tyd! Jy is ontvang en aanvaar in die Geliefde. Deel van jou erfenis is jou familieverwantskap met God. So jy het die reg om nou reeds volgens jou erfenis op te tree.

Kolossense 1:12 sê: "*… en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig…"* Let op die woord 'bekwaam'. God het ons bekwaam gemaak om deelgenote of deelnemers te wees aan die erfenis van al die heiliges. Verse 13-14 sê: "*… Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die*

sondes." Ons is die verlostes. Jesus het dit vir jou moontlik gemaak (jou bekwaam gemaak) om 'n deelgenoot te wees aan daardie erfenis. Dit is joune! Jy is bekwaam gemaak om daarin te wandel, omdat God gesê het jy is bekwaam. 'n Letterlike vertaling van vers 12 is: 'wat ons in staat stel om ons deel van die erfenis te geniet'. Jy moet die Vader bedank wat jou in staat stel om jou erflating te geniet. So sê vir Hom dankie! Om die Vader te prys en te dank speel 'n groot rol in die ontvangs van jou erflating.

Wat het jy by Hom geërf? Het jy net die hemel as erflating ontvang? Nee. Hebreërs 1:4 sê: "*... terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."* Jy het Jesus se gesag sowel as sy Naam geërf. Jy het die koninkryk van God geërf. Kolossense 2:9-10 sê: "*Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in*

Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag." Alles wat in God is – Jesus, die Gees van God, die Hemelse Vader, die gedagtes van Christus, die geloof van God, die liefde van God – is in jou beliggaam. Jy het die lewe van God in jou, omdat jy in Christus Jesus is.

Alles wat Jesus ontvang het toe Hy uit die dood opgestaan het, alles wat met Hom gebeur het nadat Hy uit die dood opgestaan het, is joune – nie net 'n deel daarvan nie, alles! Toe Jesus uit die dood opgewek is, het Hy 'n verheerlikte liggaam ontvang. Jy sal ook nog een ontvang.

Waarheen het Jesus gegaan toe Hy uit die dood opgewek is? Na die regterhand van die Vader. Dit is waar jy nou is! Efésiërs 2:6 sê: "*... en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus".* Jesus is uit die dood opgewek deur God se magtige werking, en het sy plek regs van God in die hemele gaan inneem.

Daardie selfde krag het in jou gewerk toe jy Jesus die Here van jou lewe gemaak het. Dit het jou opgewek en jou in Christus Jesus in hemelse plekke geplaas.

Hy is in jou en jy in Hom. *Sy erflating en jou erflating is presies dieselfde.* Jy is sy mede-erfgenaam.

Die apostel Paulus het gebid dat ons verligte oë van die verstand sal hê sodat ons kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel is onder ons as heiliges en dat ons kan glo in die krag van God teenoor ons (Efésiërs 1:18-19).

Die uitnemende grootheid van sy krag... Wat beteken sy krag vir die gelowige? Kom ons lees in Efésiërs 1:20-23:

> **"... wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat**

sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

Die Liggaam van Christus is "die volheid van Hom". Hy is nie vol en voltooid sonder jou en jy is nie vol en voltooid sonder Hom nie.

Kolossense 1:21-23 sê: "*Ook julle… het Hy nou versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel; as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor*

het…" Moenie wegbeweeg van die evangelie nie. Moenie wegbeweeg van die dinge wat die Woord jou leer nie. Moenie dink: Dit kan nie vir my wees nie. Moenie toelaat dat die duiwel of enigiemand anders jou laat wegbeweeg van die erfporsie wat wettiglik aan jou behoort nie. Ontvang dit wanneer die Woord sê dat jy heilig, sonder blaam en sonder veroordeling voor God is.

Ons sien in God se Woord dat jy in Hom heilig en sonder blaam voor God is. Filippense 2:15 sê: *"… sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die donker wêreld."* Ons skyn soos ligte. Waar? In die wêreld.

Jy is deel van die Liggaam van Christus hier op aarde. As jy in sy Liggaam is, is jy in Hom. Jy is sy skepping, geskep in Christus Jesus. In

die oë van God is jy heilig en sonder skuld en veroordeling. As gelowige moet jy vashou aan die Woord van lewe te midde van 'n krom en verdraaide geslag.

As jy 'n openbaring van jou verlossing in Christus Jesus het, sal nie een van jou gebede onbeantwoord en nie een behoefte onvervuld bly nie. Wanneer jy besef dat jou erfenis volledige verlossing van die vloek van die Wet behels, sal jy die deur vir Satan en die dinge van hierdie wêreld wil toemaak. Jy is verlos van die vloek, so moet dit nie toelaat om in jou lewe in te meng nie!

Jesaja 54:17 sê: "*Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here.*" Jou geregtigheid is van die Here. Jy moet jouself in Hom

sien. Sien jouself soos die Woord sê jy *is* – nie hoe jy *gaan wees* nie.

Johannes sê: "*Geliefdes, nou is ons kinders van God"* (1 Johannes 3:2). Wanneer? *Nou!* Paulus skryf in Galásiërs 4:7: "*Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus*."

God se Woord het die vermoë en krag om vir jou 'n erflating te gee. Efésiërs 1:3 sê: "*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus."* God het reeds al die seën wat die hemel kan bied, op jou lewe uitgestort. Dit is reeds joune! Maar God sal dit nie op jou afdwing nie. Jy moet jou erflating in Christus Jesus aanvaar en toelaat dat dit deel word van jou lewe, voordat jy daarin kan lééf.

Leef in geregtigheid

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou… Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." (2 Korintiërs 5:17-21)

Om in Christus Jesus te wees, maak van jou 'n nuwe skepping. In die Grieks staan letterlik *'n nuwe spesie*

wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Wanneer jy `n nuwe skepping word, word jou gees totaal herskep. Alle ou dinge is verby, alles word nuut en dit alles kom van God af. Besef dat jy nie `n gesplete geestelike persoonlikheid – die helfte van God en die ander helfte van Satan – het nie. Jy is heeltemal van God! Die probleem lê nie in jou geesmens nie; dit lê in jou denke en jou liggaam. Dit is die verantwoordelikheid van elke gelowige om God se Woord te neem en sy gedagtes daarmee te vernuwe, en dan kan hy daarna die Woord gebruik om sy liggaam te beheer. Kyk na Efésiërs 4:20-24:

"Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die

verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."

Paulus verduidelik in sy brief aan die Efésiërs dat hulle van hulle sondige vlees verlos is en in geregtigheid herskep is. Tog was dit hulle verantwoordelikheid om deur 'n wilsbesluit die nuwe mens in Christus te laat opstaan deur op te hou met die werke van die vlees. Dieselfde beginsel geld vandag nog vir jou en my. God het ons in ons gees herskep, maar ons moet sy Woord gebruik om ons gedagtes te vernuwe en ons liggame onder beheer te bring.

Die blote *wete* dat jy die geregtigheid van God in Christus is, is nie genoeg nie. Jy moet 'n volle begrip te hê van wat geregtigheid is en wat

dit vir jou as gelowige inhou. Baie welmenende Christene leef ver benede hulle voorregte in Christus – net omdat hulle nie verstaan wat hulle posisie as kind van God behels nie. Geregtigheid is een van die belangrikste areas in 'n Christen se lewe. Sonder 'n begrip van geregtigheid sal jy nooit in besit kan neem wat aan jou behoort nie.

Die woord 'geregtigheid' beteken letterlik 'om in die regte verhouding te staan'. Wanneer 'n persoon Jesus as die Here van sy lewe aanneem, word hy *geregverdig*. Hy staan nou in die regte verhouding met God, en ontvang daarom as God se kind sekere regte en voorregte .

Sommige mense verwar geregtigheid met heiligheid, maar geregtigheid het niks te doen met hoe jy optree nie. Heiligheid is jou gedrag; geregtigheid is wie jy is – die karakter van God. Jy het nie in die regte

verhouding met God gekom omdat jy reg opgetree het nie. Dit was geloof in Jesus Christus en sy verlossingswerk op Golgota wat jou in die regte verhouding met God gebring het.

Jou posisie in die Liggaam van Christus kan vergelyk word met jou posisie as ‘n burger van Suid-Afrika. As ‘n Suid-Afrikaanse burger het jy sekere regte soos in die Grondwet uiteengesit. Solank as wat jy ons landswette eerbiedig, is jy ‘n burger wat in die regte verhouding met die Suid-Afrikaanse regering staan.

Dieselfde beginsel geld vir jou as kind van God. As ‘n gelowige (wat in Christus Jesus is) is jy ‘n burger van God se koninkryk en is jy op alles in die koninkryk geregtig. Die Bybel is jou ‘wet van geregtigheid’, en beskryf al die regte en voorregte wat tot jou beskikking is. Of jy daarvan gebruik maak, is ‘n ander saak. Onkunde sal

jou beroof van die oorvloedslewe wat vrylik beskikbaar is.

Die beste illustrasie hiervan is die storie van die man wat vir jare gespaar het om ‘n kaartjie te koop vir ‘n bootreis na Amerika. Toe hy genoeg gespaar het, koop hy ’n kaartjie en gaan aan boord van die skip. Aangesien hy nie genoeg geld gehad het vir kos nie, het hy kaas en beskuitjies saamgevat. Met elke etenstyd het hy na die ander passasiers in die eetkamer gekyk en gesien hoe hulle die kos geniet, en dan gaan hy maar terug na sy kajuit en eet sy kaas en beskuitjies. Die dag toe die skip in New York se hawe anker gooi, kom ‘n skeepskelner na hom toe en vra: “Meneer, het ons u op een of ander manier aanstoot gegee? Ons het opgelet dat u nooit in ons eetkamer geëet het nie. Die man antwoord toe, “O, nee. Jy sien, ek het nie genoeg geld vir die maaltye gehad nie en het my eie kaas en beskuitjies

in my kajuit geëet.” Waarop die kelner toe antwoord: “Maar Meneer, al u etes was ingesluit by u kaartjie!”

As Christene het ons geweldig baie voorregte. Jesus het hulle op Golgota verdien en betaal. Maar as ons nie daarvan weet nie, hoe sal ons die voordele daarvan kan geniet?

In Efésiërs 6:10-18 beskryf die apostel Paulus die wapenrusting van God. *Een van die belangrikste dele van hierdie wapenrusting is die borswapen van die geregtigheid.* Die borswapen bedek die belangrikste dele van ‘n soldaat se liggaam. Jou regte verhouding met God (geregtigheid) is jou borswapen. Dit bedek die belangrikste deel van ‘n Christen se identiteit – sy reg op gesag in Jesus Christus. Jy moet jou borswapen van geregtigheid soos ‘n oorwinnaar dra. Dit sal die krag van geregtigheid namens jou in werking stel.

Een van jou regte in die Koninkryk is beantwoorde gebed. Volgens 1 Petrus 3:12: "*Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed…"* Jakobus 5:16 sê: "*… Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."* Wanneer jy in geloof bid, het jy die reg om te verwag dat jou Hemelse Pa jou sal antwoord.

Ontwikkel wat ek noem 'n 'geregtigheidsbewussyn', want dit sal jou in staat stel om 'n oorwinnende, triomferende lewe te lei. Terwyl Jesus op die aarde was, het Hy in die regte verhouding met die Vader gestaan, en die resultate was verstommend. As 'n kind van God en mede-erfgenaam van Jesus, moet jy verwag om dieselfde resultate te verkry. Jesus self het gesê: "*… wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan"* (Johannes 14:12).

Spandeer tyd met God se Woord en vind uit watter regte jy alles het. Dan sal geregtigheid aktief in jou begin werk as 'n kragtige dryfveer in jou lewe.

Staan vas in jou gesag

Een van die moeilikste dinge vir mense om te verstaan en te ontvang is om vanuit hulle gesag te leef.

Toe jy Jesus die Here van jou lewe gemaak het, is jy volgens Kolossense 1:13 verlos van die mag van duisternis. Die woord *mag* beteken letterlik *gesag*. Jy is dus verlos van die mag of gesag van duisternis en oorgeplaas na God se koninkryk. God se koninkryk sluit die hemel én die aarde in. Jesus het gesê: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde"* (Matthéüs 28:18). Daardie mag is vir jou gegee as deel van jou erflating in Christus Jesus. Jy kon

hierdie posisie van gesag inneem omdat jy in Hom is.

Die Woord sê geregtigheid het na alle mense gekom (Romeine 5:18). Dalk vra jy: "Waarom word almal dan nie geregverdig nie?" Om dit te kan ontvang, moet jy vanuit jou gesag op geregtigheid reageer.

Op 2 November 1962 het ek my gesag gebruik en 'n keuse gemaak. Ek het gekies om Jesus die Here van my lewe te maak. Van daardie oomblik af het geregtigheid in my ingekom. Ek is die geregtigheid van God in Christus *gemaak*. 2 Korintiërs 5:21 sê: "*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.*"

Omdat jy Jesus die Here van jou lewe gemaak het, is wedergeboorte 'n werklikheid in jou gees. Jy is die geregtigheid van God in Hom. God wil jou ook so behandel. Hy wil ons

behandel asof ons nog nooit gesondig het nie. Hy het Jesus na die kruis gestuur om jou sonde te dra en dit totaal weg te was. Omdat jy in Jesus is, sien God jou net soos wat Hy Jesus sien. Hy wil jou behandel soos wat Hy Jesus behandel – so laat Hom toe om dit te doen!

God se krag is in sy Woord. Hy dra alle dinge deur die woord van sy krag (Hebreërs 1:3). Jy moet leer om vanuit gesag op te tree en te bedien. Terwyl Hy op die aarde was, het Jesus dinge gesê soos: "Wees genees. Neem jou bed op en loop." In Handelinge 3:6 sê Petrus vir 'n verlamde man: *"In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!"* Hy het ook vanuit sy gesag gepraat en opgetree.

Dit is tyd dat jy as gelowige ook so optree. Jy het 'n erflating ontvang, en as deel daarvan het jy alle gesag gekry. Die God van die heelal leef in

jou! Hy leef en beweeg in jou. Word God-bewus; dan sal jy vanuit hierdie gesag optree.

Bou jouself op in jou erfenis. Jy leef in 'n wêreld vol bose invloede. Satan sal wil hê jy moet die werklikheid van jou wedergeboorte vergeet. Wanneer jy in die Woord sien wat jy in Christus Jesus is, bely dit met jou hele hart. Dit sal versterk om in die gesag te kan staan wat deel is van jou erflating.

Laat hierdie gesindheid in jou wees

Filippense 2:5-6 sê: "*Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie.*" Jy moet dink soos Jesus gedink en opgetree het.

Vers 8 sê: "*... het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot*

die dood toe, ja, die dood van die kruis." Jy moet nederig word. Niemand anders kan dit vir jou doen nie. Jy moet onder God se kragtige hand neerbuig, en terselfdertyd onthou dat jy Jesus se mede-ergenaam is (1 Petrus 5:6; Romeine 8:17).

Konings en priesters

Volgens Romeine 8:29 is Jesus "die eersgeborene onder baie broers". Eer aan God! Jesus is nie meer die *eniggebore* Seun van God nie. Openbaring 1:5-6 beskryf Jesus so: "*… Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!"* Jy is 'n priester en

koning van God, danksy Jesus en die erflating wat Hy voorsien.

Vanaf die boek Handelinge tot by die Openbaring van Johannes staan Jesus bekend as 'die eersgeborene uit die dood'. As daar 'n eersgeborene is, moet daar tog ook 'n tweedegeborene, 'n derdegeborene, 'n vierdegeborene ensovoorts wees. Elke gelowige word as 'n kind van God gereken. Ons is familielede van God en erfgename van alles wat Hy besit.

Jesus het jou 'n koning en 'n priester gemaak. Hy het jou in Hom die geregtigheid van God gemaak. In Hom word jy *aanvaar*. In Hom is jy die *geliefde*. Jy is sy uitverkorene en die een wat Hy gekies het – 'n koninklike priesterdom wat met sy bloed gekoop is en daardeur sy kind geword het.

1 Johannes 4:17 sê: "*Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons*

ook in hierdie wêreld." Soos Hy is, so is jy in hierdie wêreld! Omdat jy die offer van Jesus op Golgota aanvaar het en Hom as jou Here aangeneem het, het jy die mag en gesag om volgens jou erflating te leef. Maar as jy nie weet wat aan jou behoort nie, sal jy nie die voordele daarvan kan geniet nie. Vind uit wat jou erflating in Christus Jesus behels, en weerstaan enige invloed wat probeer om jou anders te oortuig.

Lukas 12:31-32 sê: *"Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee."* Dit is God se wil om die koninkryk vir jou te gee – die hele koninkryk! Wanneer die werklikheid in jou hart posvat dat jy 'n erfgenaam van die Almagtige God is – dat Hy jou sy hele koninkryk gegee het en jou ook aansê om daardie koninkryk te soek – dan sal jy

al die voordele van jou erlating geniet en ook in God se Woord groei en ontwikkel.

Maar jy sal nooit enige deel van jou erfenis in ontvangs neem totdat jy die erflating erken nie. Erken deur jou gedagtes, woorde en dade dat jy in Christus Jesus is, dat jy ‘n erflating ontvang het en dat jy ‘n reg het om in al die seën en beloftes van God se Woord te leef. Gee erkenning aan die dinge van God, en laat die vaste wete daarvan toe om in jou hart te vestig. Sien dan hoe dit deel word van elke gebied van jou lewe.

Hoe het jy God tot nou toe benader – soos ‘n koning, of as ‘n bedelaar? Kruip jy in sy teenwoordigheid in met die hoop om ‘n aalmoes te ontvang?

Wanneer jy Jesus jou Here maak, stel Hy jou in staat om as ‘n koning en ‘n priester voor God die Vader te staan – nie ‘n bedelaar nie; as die geregtigheid van God in Christus – nie

as ‘n sondaar nie. Jy is uit die koninkryk van duisternis verlos en is oorgeplaas na die koninkryk van God se Seun. Jy is verlos tot koningskap en priesterskap. Jy is ‘n koning en ‘n priester in Christus Jesus!

Gebed vir redding en die doop in die Heilige Gees

Hemelse Vader, ek kom na U toe in Jesus se Naam. U Woord sê: 'En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" *(Handelinge 2:21). Ek roep U aan. Ek bid en vra dat Jesus in my hart sal inkom en die Here word oor my lewe in ooreenstemming met Romeine 10:9-10:* "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word, want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding." *Ek doen dit nou. Ek bely Jesus is Here en ek glo dat God Hom opgewek het uit die dood.*

Ek is nou wedergebore! Ek is 'n Christen – 'n kind van die almagtige God! Ek is gered! U sê ook in U Woord: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te

gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Luke 11:13). *Ek vra U ook om my te vul met die Heilige Gees. Heilige Gees, wel op in my terwyl ek God prys. Ek verwag ten volle om in ander tale te spreek soos wat U deur my daaraan uiting gee (Handelinge 2:4). In Jesus se Naam. Amen!*

Begin nou om God te prys vir die vervulling met die Heilige Gees. Spreek daardie woorde en klanke uit wat jy ontvang – nie in jou eie taal nie, maar in die taal wat die Heilige Gees aan jou gee. Jy moet jou eie stem gebruik – God sal jou nie forseer om te praat nie. Moet jou nie steur aan hoe dit klink nie. Dit is 'n hemelse taal!

Hou vol met die seën wat God aan jou gee en bid elke dag in die gees. Jy is 'n wedergebore, Gees-vervulde

gelowige. Jy sal nooit weer dieselfde wees nie!

Soek na ‘n goeie kerk wat God se Woord verkondig en gehoorsaam. Word deel van ‘n geestelike familie wat vir jou lief sal wees en vir jou sal omgee terwyl jy hulle ook liefhet en vir hulle omgee. Ons moet in verhouding met mekaar leef, want dit versterk ons. Dit is God se plan vir ons.

Kweek die gewoonte aan om gereeld na die *Believer’s Voice of Victory* televisie-uitsending te kyk. Word ‘n doener van die Woord wat suksesvol is in alles wat hy doen (Jakobus 1:22-25).

Omtrent die skrywer

Kenneth Copeland is mede-stigter en president van Kenneth Copeland Ministries in Fort Worth, Texas en die outeur van verskeie boeke, onder meer: *Managing God's Mutual Funds – Yours and His, Prosperity and Abundance, How to Discipline Your Flesh* en *Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity.*

Kenneth is reeds 38 jaar lank 'n prediker van die evangelie van Christus en leraar van God se Woord. Hy is ook 'n sanger wie se albums al toekennings verwerf het, soos byvoorbeeld sy Grammy-genomineerde *Only the Redeemed, In His Presence, He is Jehovah* en sy mees onlangse *Just a Closer Walk*. As akteur speel hy die karakter Wichita Slim in die kinderavontuur-video's *The Gunslinger, Covenant Rider* en *The*

Treasure of Eagle Mountain. Hy is ook Daniel Lyon in die *Commander Kellie and the Superkids* video's *Armor of Light* en *Judgment*: *The Trial of Commander Kellie.*

Sy visie om die onvervalste Woord van God reg rondom die wêreld te verkondig, word ondersteun deur kantore en personeel in die VSA, Kanada, Suid-Afrika, Engeland, Australië en die Oekraine. Sy bediening bereik miljoene mense wêreldwyd deur daaglikse en Sondag-TV-uitsendings, tydskrifte, oudiokassette, video's, konferensies, veldtogte en die Internet.

Kom meer te wete oor

Kenneth Copeland Ministries

deur ons webtuiste te besoek

by **www.kcm.org**

Boeke beskikbaar by Kenneth Copeland Ministries

Deur Kenneth Copeland

A Ceremony of Marriage
A Matter of Choice
Covenant of Blood
Faith and Patience – The Power Twins
Freedom From Fear
Giving And Receiving
Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity
How to Conquer Strife
How to Discipline Your Flesh
How to Receive Communion
Know Your Enemy
Living at the End Of Time – A Supernatural Increase
Love Never Fails
Managing God's Mutual Funds – Yours and His
Mercy – The Divine Recue of the Human Race
Now Are We in Christ Jesus
One Nation Under God (geskenkboek met kompakskyf)
Our Covenant with God

Partnership – Sharing the Vision, Sharing the Grace
Prayer – Your Foundation for Success
Prosperity: The Choice Is Yours
Rumors of War
Sensitivity of Heart
Six Steps to Excellence in Ministry
Sorrow Not! Winning Over Grief and Sorrow
The Decision is Yours
The Force of Faith
The Force of Righteousness
The Image of God in You
The Laws of Prosperity
The Mercy of God (slegs in Spaans beskikbaar)
The Outpouring of the Spirit – The Result of Prayer
The Power of the Tongue
The Power to be Forever Free
The Winning Attitude
Turn Your Hurts Into Harvests
Walking in the Realm of the Miraculous
Welcome to the Family
You Are Healed!
Your Rightstanding with God

Deur Gloria Copeland

And Jesus Healed Them All
Are You Listening?
Are you Ready?

Be a Vessel of Honor
Build Your Financial Foundation
Fight On!
Go With The Flow
God’s Prescription for Divine Health
God’s Success Formula
God’s Will for You
God’s Will for Your Healing
God’s Will Is Prosperity
God’s Will Is the Holy Spirit
Harvest of Health
Hidden Treasures
Living Contact
Living in Heaven’s Blessings Now
Looking for a Receiver
Love – The Secret to Your Success
No Deposit – No Return
Pleasing the Father
Pressing In – It’s Worth It All
Shine On!
The Grace That Makes Us Holy
The Power To Live a New Life
The Protection of Angels
The Secret Place of God’s Protection
(geskenkboek met kompakskyf)
The Unbeatable Spirit of Faith
There is no High Like the Most High
This Same Jesus
To Know Him
Walk in the Spirit
Walk With God

Well Worth the Wait
Words That Heal (geskenkboek met kompakskyf)
Your Promise of Protection – The Power of the 91st Psalm

Boeke gesamentlik deur Kenneth en Gloria Copeland

Family Promises
Healing Promises
Prosperity Promises
Protection Promises

From Faith to Faith – A Daily Guide to Victory
From Faith to Faith – A Perpetual Calendar

One Word From God Can Change Your Destiny
One Word From God Can Change Your Family
One Word From God Can Change Your Finances
One Word From God Can Change Your Formula for Success
One Word From God Can Change Your Health
One Word From God Can Change Your Nation
One Word From God Can Change Your Prayer Life
One Word From God Can Change Your Relationships

Load Up – A Youth Devotional

Over The Edge – A Youth Devotional
Pursuit of His presence – A Daily Devotional
Pursuit of His presence – A Perpetual Calendar

Ander boeke wat deur KCP gepubliseer word

The First 30 Years – A Journey of Faith
The story of the lives of Kenneth and Gloria Copeland.
Real People, Real Needs, Real Victories
A book of testimonies to encourage faith.
John G. Lake – His Life, His Sermons, His Boldness of Faith
The Holiest of All by Andrew Murray
The New Testament in Modern Speech
By Richard Francis Weymouth
The Rabbi From Burbank
By Rabbi Isidor Zwirn and Bob Owen
Unchained by Mac Gober

Produkte vir vandag se kinders en jeug

And Jesus Healed Them All (belydenisboek en kompakskyf -geskenkpak)
Baby Praise Board Book
Baby Praise Christmas Board Book
Noah's Ark Coloring Book

The Best of *Shout!* Adventure Comics
The *Shout!* Giant Flip Coloring Book
The *Shout!* Joke Book
The *Shout!* Super-Activity Book
Wichita Slim's Campfire Stories

***Commander Kellie and the Superkids*$_{SM}$ boeke:**

The SWORD Adventure Book
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Solve-It-Yourself Mysteries
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Adventure Series:

Middle Grade Novels by Christopher P.N. Maselli:

#1 The Mysterious Presence
#2 The Quest for the Second Half
#3 Escape From Jungle Island
#4 In Pursuit of the Enemy
#5 Caged Rivalry
#6 Mystery of the Missing Link
#7 Out of Breath
#8 The Year Mashela Stole Christmas
#9 False Identity
#10 The Runaway Mission
#11 The Knight – time Rescue of Commander Kellie

Internasionale kantore van Kenneth Copeland Ministries

Vir meer inligting oor KCM asook ‘n gratis katalogus,
skryf aan die kantoor naaste aan jou:

Kenneth Copeland Ministries
Fort Worth, Texas, 76192-0001

Kenneth Copeland
Locked Bag 2600
Mansfield Delivery Centre
QUEENSLAND 4122
AUSTRALIA

Kenneth Copeland
Post Office
BATH
BAI 3XN
VEREENIGDE
KONINGKRYKE

Kenneth Copeland
Privaatsak X909
Fontainebleau
2032
REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA

Kenneth Copeland
PO Box 3111
STN LCD1
Langley BC V3A 4R3
KANADA

Kenneth Copeland Ministries
Post Office Box 84
L’VIV 79000
OEKRAINE

Ons is hier vir jou!

Believer's Voice of Victory televisie-uitsending

Skakel in op Kenneth en Gloria Copeland en die *Believer's Voice of Victory* -uitsendings elke week, Maandae tot Vrydae en op Sondae, en leer hoe geloof in God se Woord jou van 'n gewone na 'n buitengewone lewe kan neem. Die lering van God se Woord word só aangebied om jou te kry waar jy graag wil wees – *heel bo!*

Die *Believer's Voice of Victory* is te sien op DSTV se TBN-kanaal asook GOD Channel.

Vergelyk plaaslike programgidse vir tye en kanale.

Believer's Voice of Victory **- tydskrif**

Laat Kenneth en Gloria Copeland en 'n verskeidenheid van gasskrywers jou inspireer, leer en bemoedig in die maandelikse *Believer's Voice of Victory* -tydskrif. Dit sluit ook ware verhale in van God se wonderwerkende krag en goddelike ingryping in die lewens van mense net soos jy!

Dit is meer as 'n tydskrif – dit is 'n bediening.

Shout! **– die *Voice of Victory* vir kinders**

Shout! Dié dinamiese tydskrif vir kinders is ‘n Bybel-gefundeerde, aksiebelaaide kwartaallikse tydskrif vir kinders wat GRATIS beskikbaar is. *Shout*! is propvol kleurvolle avontuurlustige tekenprente, uitdagende speletjies, raaisels, opwindende kortverhale, self-ontrafel-geheimenisse en nog baie meer, soos die verskyning van *Wichita Slim* en *Commander Kellie and the Superkids.*

Staan op, teken in en wees gereed om te *Shout*!

Om GRATIS in te teken op *Believer’s Voice of Victory* of *Shout*!, skryf aan:

Kenneth Copeland

Privaatsak X909

Fontainebleau 2032

Republiek van Suid-Afrika

Of skakel: +27 11 699 7700